

Afrikaans

Huistaal en Lewensvaardigheid

2

Kwartaal 1



Grootboek

2

Kwartaal 1

Afrikaans

Huistaal en Lewensvaardigheid

Grootboek



Erkennings

Hierdie geïntegreerde program vir Huistaal en Lewensvaardigheid is deur 'n Funda Wande-span ontwikkel, in oorleg met individue van die kurrikulumdirektorate van die Departement van Onderwys in die Wes-Kaap, Oos-Kaap en Limpopo, akademici en onderwysers.

Die ontwikkeling van hierdie boeke is moontlik gemaak deur die finansiële ondersteuning van die Allan Gray Orbis Foundation Endowment, die FEM Education Foundation, die Michael & Susan Dell Foundation en die Zenex Foundation.

Image credits

Cover: Anja Stoeckigt

Sipho gaan skool toe: Anja Stoeckigt

Die watergat: Val Myburgh

Sipho se nuwe oë: Anja Stoeckigt

Wat ons nodig het om te lewe: All images supplied by Freepik

Die kos wat ons eet: Images supplied by Freepik

(Chip packet): istockphoto/MarkGillow

'n Partytjie by die skool: Anja Stoeckigt

www.fundawande.org

ISBN: 978-1-991225-34-4

Version 2: 2025



Enigiemand is vry om die materiaal te **deel** (die materiaal in enige manier of in enige vorm te reproduseer of te versprei) of **aan te pas** (die materiaal vir enige doel te vermeng, te verander en uit te brei), mits jy die werk soos volg erken:

Funda Wande, Afrikaans Huistaal en Lewensvaardigheid, Grootboek, Graad 2, Kwartaal 1, CC BY 4.0.

Geen bepalinge of maatreëls mag bygevoeg word om ander te beperk om enigiets te doen wat deur die wet volgens die lisensie ooreengekom is nie.

Vir meer inligting: <https://creativecommons.org/licenses/by/4.0/>

Inhoud

Sipho gaan skool toe	1
Die watergat.....	7
Sipho se nuwe oë	13
Wat ons nodig het om te lewe.....	19
Die kos wat ons eet	26
'n Partytjie by die skool.....	27



Sipho gaan skool toe



Sipho se ouma het vir hom nuwe klere vir graad 2 gekoop.

Sy het twee hemde, een broek, twee paar sokkies en een paar skoene gekoop.

Sy het vir hom een pen gegee.



Sipho het sy klere aangetrek.
Dit was te groot.

“Goed!” het sy ouma gesê.
“Dit sal volgende jaar vir
jou pas.”



Sipho het sy nuwe klere aangetrek en skool toe gegaan. Almal het vir hom gekyk.

Sipho het vir Sihle by die skool gesien. Sihle se klere was te klein.

Sipho het gesê: “Jy lyk snaaks!”
Sihle het gesê: “Jy lyk ook snaaks!”



'n Groot seun, Jakob, het Sipho se nuwe pen gesien.

“Ek wil daardie pen hê,”
het Jakob gesê. Hy het die
pen gevat.



Sipho het agter die groot seun aan gehardloop. “Gee terug my pen!” het hy gesê.

Van die groot meisies het gesien hoe die groot seun die pen vat. “Jakob!” het hulle gesê, “gee terug daardie pen!”




Jakob het die pen teruggegee.
“Jammer,” het hy gesê.


Sipho was gelukkig.

Die groot meisies het gesê:
“O, kyk na hierdie seun! Hy is
te klein vir sy groot hemp! Hy is
te oulik!”

Die watergat




Een jaar het dit glad nie gereën
nie. Die watergat was byna leeg.
Al die diere was dors.




“Ek is die grootste dier,” het die olifant gesê. “Al die water is myne!”

Toe die rooibok en die sebra gaan om water te drink, het die olifant hulle weggestamp.




Toe die kameelperd en die
hiëna gaan om water te drink,
het die olifant hulle weggejaag.

Selfs die leeu en die luiperd
het van die groot olifant
weggehardloop.



“Ons sal dié olifant moet stop!”
het al die diere gesê. “Hy is ’n
boelie!” het hulle gesê.

“Ek het ’n plan!” het die skilpad
gesê. “Kom en luister na my.”



Skilpad
het gesê:
“Ons moet
saamwerk.”

Hy het aan
die kraaie
gesê:

“Wanneer ek die teken gee,
moet julle hard raas. Vlieg al
rondom die olifant se kop.”

Hy het vir al die diere gesê:

“Wanneer die olifant besig
is, moet julle almal na die
watergat toe hardloop. Vra die
olifant om die water met almal
te deel.”




Skilpad het die teken gegee.
Die kraaie het al rondom die
olifant se kop gevlieg.

Die diere het na die watergat
gehardloop. Hulle het geskree:
“Deel die water met ons, Olifant!”

Olifant het weggestap en al die
ander diere laat drink.

Sipho se nuwe oë



Sipho het saam met sy vriende agter in die klas gesit.

Sipho het probeer om die getalle op die bord te lees.

“Ek kan nie al die getalle sien nie,” het hy gedink.



“Watter getal is heel bo?” het Amos gevra. “Dit lyk soos ’n vlieënde vark,” het Sipho uitgeroep.

“’n Vlieënde vark!” het Amos uitgeroep. Almal het begin lag.


“Kom sit hier voor,” het die juffrou gesê. “Dan sal jy beter kan sien.”



Sipho was bekommerd omdat hy nie kon sien nie. Hy het na skool vir Ouma vertel.

Hy het gesê: “Vandag kon ek nie behoorlik die getalle op die bord sien nie.”

Oogkundige



Ouma het vir Sipho na 'n dokter
wat oë toets, geneem.

Die dokter het 'n skerp lig in
Sipho se oë geskyn. Sy het
voorwerpe voor sy oë gehou
en hom gevra wat hy kon sien.

Sy het gesê: “O, die seun het
regtig 'n bril nodig!”



Na 'n paar dae het Sipho sy bril gekry. Hy het dit opgesit.

“Ouma,” het hy uitgeroep, “ek kan die prent op die muur sien!”

Hy het buitentoe gehardloop. “Ek kan die bus op die pad en die koeie op die heuwel sien!” het hy geskree.



Sipho het met sy nuwe bril skool toe gegaan. Sipho het gesê: “Ek kan alles sien, Juffrou!”

“Pragtig, Sipho! Ek is baie trots op jou! Geen vlieënde varke meer nie,” het die juffrou gesê.

Wat ons nodig het om te lewe



Wat het ons nodig om gesond te wees?



Wat het ons nodig om 'n
gesonde lewe te lei?

Ons moet gesonde kos eet, vars
water drink, skoon lug inasem
en buite in die sonlig oefen.



Gesonde kos help ons om
te groei.



Dit gee vir ons
energie en keer
dat ons siek
word.

Ons moet elke dag 'n
gebalanseerde dieet volg.

Proteïene soos vleis, vis,
hoender, bone, eiers en
melkprodukte help ons bene en
spiere om sterk te word.

Stysel soos pap, rys,
aartappels en brood
gee ons energie om
rond te hardloop.



Vrugte en groente gee ons
vitamiene om ons gesond te hou.



Ons moet elke dag baie water drink.

Water hou ons koel. Dit help die liggaam om kos te verteer.

Ons moet elke dag ongeveer een liter water drink.



Drink altyd skoon water drink anders kan ons siek word.

Water uit krane en reënwater uit tenke is veilig.

Water uit riviere en damme moet eers skoongemaak word voordat ons dit kan drink.



Ons moet elke dag tyd buite
spandeer.

Ons liggame het sonlig nodig
om sterk te word.

Ons moet vars lug inasem.

Die kos wat ons eet

Daaglikse kos

Gesonde kos maak
jou sterk.



Af-en-toe-kos

Party kos is lekker om
te eet, maar maak ons
nie sterk nie.



'n Partytjie by die skool



Dit was 'n spesiale dag vir Sipho en Amos se skool.

Die skool was 100 jaar oud.

Die onderwysers het gesê hulle gaan 'n partytjie hou.

Die tannies het 'n bredie in 'n baie groot pot gemaak.



Dit was 'n baie warm dag.

Die kinders het 'n konsert vir
die ouers en grootouers gehou.
Toe was daar toesprake.

Almal het gesweet omdat dit
so warm was.



Die middag het almal buitentoe
gegaan om te gaan eet. Daar
was baie bredie vir almal.

Toe het Ayanda gesê dat haar
maag seer was. Thami het gesê
dat hy ook siek voel.

Baie mense het siek begin voel.



Die skoolhoof het die noodnommer geskakel. Twee ambulanse het skool toe gekom.

Dit was te warm om die kos in die son te laat staan. Die kos het die mense siek gemaak.



Die kinders was hartseer.
Die onderwysers was hartseer.
Die tannies wat die bredie
gemaak het, was hartseer.
Die partytjie is bederf.



Die volgende dag was daar 'n groot verrassing. 'n Paar winkels het kos vir die skool gegee vir 'n partytjie. Die kinders het by die skool gebraai. Die mense het die kos geëet.

Dit was die beste partytjie ooit.



Funda Wande

Reading for Meaning



Western Cape
Government
FOR YOU

Education

 **creative
commons**
CC-BY- 4.0



VERSION 2.0